

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

HEILBRON POET GIVES TRIBUTE TO NELSON MANDELA



Shoaaneng Ephraim Sefali is an English teacher at Sediba-Thuto Secondary School in Heilbron. He had the opportunity to write a poem honouring Nelson Mandela to celebrate 2020 Mandela International Day. He wrote the poem on the 18th of July and the same day it was published by CEADI, Centro de Estudos Africanos para Desenvolvimento e Inovação (African Study Centre for Development and Innovation). This original English poem is now already translated into more than 10 international languages. He is currently the chairperson of two Provincial bodies: The Writers Forum and The English Teachers Association. He is also a member of The National Association of English Teachers of South Africa. He attended several English training workshops, including the recent one with the University of Massachusetts in the USA. His teaching in the classroom reflects his passion for poetry. He started writing English poems while still at high school, but later translated them into Sotho. It is now that he is beginning to write in English again. He is a firm believer that the best way to share deep and emotional thoughts ranging from nature, events and humanity, is to have his work translated into different world languages. Have a look at the YouTube video CEADI: Tribute to Nelson Mandela at <http://www.youtube.com/watch?v=1UQRN6FenZ4>

Meanings: utata; Xhosa (Mandela's tribe) word for father; ubuntu is humanity

>>> BLADSY 2

1975-klas hou reünie

Dit was 'n geleentheid van al die "Onthou jy's" en herinnerings wat oor die jare heen deur die lewe toegeverf is.

>>> BLADSY 6

Hoogte word geteister

Drie voertuie is binne 'n week in die Hoogte-omgewing tussen Heilbron en Petrus Steyn gesteel.

NELSON ROLIHLAHLA MANDELA

Behind the ranges of Mveso mountains,
On the hilltops of the chains of Qunu,
There lies the rock, shaped like the spear,
The rock that welcomes the first rays of the morning sun,
Glittering rays that shine all over the planet
The rock, that was discovered on the 18th of July 1918.

Haters tried to strike this rock, to break it into pieces,
Little did they know that as the pieces roll down,
They breed other rocks, harder than before,
For rolling was followed by a massive echo
That made the whole world tremble and uncontrollable.
The walk from the hilltop might be long
But the journey to the ground shall be completed.


Hence today we celebrate the legacy of this rock,
The rebirth of utata, Nelson Rolihlahla Mandela,
The father of our rainbow nation,
The spear of the nation that never broke,
The trendsetter of humanity not humiliation,
The rock that walked the long walk to freedom.

As we look unto this rock every year:

Let us sing and shout until those mountain ranges shake again
Let us call for his spirit to reign all over South Africa and the world,
Let us all mould and nurture this strong legacy of uBuntu,
This richness, that has made us a great nation
Surely, the country will forever receive the eternal healing of her past.

Long live the spirit of Nelson Mandela long live,
Long live the legacy of the father of the nation, long live,
Power, to the people
Power, to this great nation.
Amandla!

By Shoaaneng Sefali, South Africa



Offers valid 20-30 November 2020, while stocks last

R99.95 Aerosol & Roll On Scented Pack

R89.95 SPF 50 200ml Active Sun Spray

R49.95 GRAND-PA 38 Headache Powders

the local CHOICE Pharmacy & Clinic

57 WINDWICH STREET, WINDWICH SQUARE, HEILBRON | PLATTELAND

KLINIEKTYE: DINSDAE & DONDERDAE: 08:00 - 17:00

☎ 087 527 0723 | 📠 071 5433144 | ✉ platteeland@thelocalchoice.co.za

BKB LOUWID

**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE - ROYAL AUCTION CENTRE**

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff: 083 210 7135

Postbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 038 613 1071
E-pos: frankfort@bkbouwied.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2006/026173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

Daar is 27 marmer friese (versierde horisontale stroke) in die Voortrekker Monument. Die vyfde paneel beeld die slag van Vegkop uit. Teen die einde van 1946 was die volgrootte gipspaneel voltooi. Aangesien die Suid Afrikaanse marmer nie vir beeldhouwerk van dié formaat geskik was nie, en omdat daar beide geskikte marmer en genoeg ervare kappers in Italië beskikbaar was, is die panele na Italië verskeep, waar die friese in marmer gekap sou word. Hennie Potgieter en Laurika Postma is aangewys om in Italië te gaan toesig hou. Hulle kon eers in Desember 1947 na Italië vertrek omdat passasiersbote eers weer kon vaar na die verwydering van seemyne wat tydens die Tweede Wêreldoorlog gelê is.

Die friese is in Italië in wit Altissimo-marmer gedoen. Hierdie marmer was afkomstig uit die marmergroef in die Apennynne gebergtes in Noord Italië, dieselfde groef waarvandaan Michelangelo die marmer gekry het wat hy in sommige van sy beelde gebruik het. Potgieter en Postma het in Florence gebly. Hulle vertel dat hulle taak eintlik maklik was, want die marmerkappers was uitstekende vakmanne. Hulle moes egter wel raadgee met veral die uitbeeld van die Zoeloes se haartekstuur en hulle moes toesien dat die Voortrekkers nie soos Italianers sou uitsien nie. Gerhard Moerdijk, die argitek van die Voortrekker Monument, het self by geleentheid die werksaamhede daar gaan dophou. Hy het nou saamgewerk met Romano Romanelli, die Italiaanse beeldhouer. Die werk by die marmergroewe het weens arbeidsgeskille en na-oorlogse finansiële krisis in Italië langsaam verloop. In een stadium het die marmergrawers 3 maande gestaak. Potgieter en Postma het eers aan die einde van 1948, toe al die marmerpaneel voltooi was na Suid-Afrika teruggekeer.

Daar is sowat 360 metrieke ton wit marmer uit die marmergroewe gehaal.

Die totale massa van die voltooide friese is 180 metrieke ton. Die volle lengte daarvan is 92 meter en die hoogte 2.3 meter. Met voltooiing was dit die grootste historiese fries ter wêreld. Met die inwyding van die Monument in 1949 was 8 panele nog nie geïnstalleer nie.

So 'n bietjie persoonlike inligting. Met 'n toer in Venesië Italië so twee jaar gelede het ek op 'n trein twee persone ontmoet wat in daardie deel van Italië gewoon het. Ek het vir hulle die geskiedenis van die Voortrekker Monument en die friese vertel. Dit was baie spesiaal en hulle was baie beïndruk. In die volgende Herald, meer oor die friese.



Quarta Pretorius

VOORTREKKER MONUMENT

1975-KLAS HOU REÛNIE NA 45 JAAR

Hierdie onafskeidbare klasmaats van oor die jare heen het selfs Covid-19 oortref, en heerlik op Franklin Creek gekuier. Louis Myburgh het op die gepaste wyse ons verrigtinge met skriflesing

en gebed begin en Ps 103 gelees “Prys die Here vir Sy eindelose goedheid” Ons eertydse hoofseun, Frikkie Nolte, het almal welkom geheet met gepaste musiek in die agtergrond van ons era en wat ons



Gerhard Moerdijk & Romano Romanelli



'n Marmergroef in Italië

HUIS-EN TUINBOU JAAREINDFUNKSIE

Alle goeie goed kom tot 'n einde. Die Heilbron Huis-en Tuinbouklubdele het die 18 November by Spur by mekaar gekom vir die jaareindfunksie. Georgina Weiss het die lede verwelkom en elkeen bedank vir 'n wonderlike jaar, voorspoed vir 2021 en 'n Geseënde Kersfees toegewens. Wilna Weilbach gesels met die dames oor kerstafelversierings. As gevolg van die inperking het baie mense geleer om te hergebruik en gte bespaar – doen iets met dit wat jy het. Sy deel idees soos in om sagte katbos te gebruik en dit deur middel van 'n palletplank van die dak af laat hang. In plaas daarvan om nuwe produkte te gaan koop, skaf eerder 'n blinkie spuitverf aan en vernuwe ou voorwerpe – spuit dennebolle, potplante en planke die kleur wat jy jou tafel hierdie jaar wil hê en volgende jaar spuit jy dit weer 'n ander kleur. Verdere besparing kan gedoen word om ou kerse op te rasper, in die mikrogolf te smelt en sodoende 'n nuwe kers te vorm. Ou plakpapier of oortreppapier kan as tafellopers gebruik kan word en dat plastiek blomme jou lewe kan red. Daarna was Marlize Swart aan die woord, waar sy 'n paar tuinbouwenke met die lede gedeel het vir November en Desember. Die belangrikste is om te weet hierdie tyd van die jaar benodig meeste plante voeding en reënwater. En wat is 'n tuin sonder 'n mooi grasperk? Die beste wenke is om jou gras weekliks te sny en twee weekliks in 'n ander rigting om die dik kombers te vorm. Pea het afgesluit met 'n motiveringsgeprek en denke gedeel dat mens nooit te oud is om te droom nie en mens moet dans sonder musiek om die ritme in jou stap terug te sit. Geluk begin by jouself en jy maak die keuse om gelukkig te wees. Al dra ons tans maskers, is dit nie nodig om jou glimlag weg te steek nie en mense steeds jou geluk in die hoekies van jou oë kan sien. Sy vertel dat die lewe nie met strikkies toegedraai is nie, maar om te lewe is steeds 'n geskenk. Daar is afskeid geneem van die bestuurspan van 2020 en die 2021 bestuurspan sien uit na die nuwe jaar. Almal het daarna gesellig saam geëet en gekuier.

vlnr: Gerda Pieters (Tesourier), Nellien Scheepers (Voorsitter), Rosemary Broodryk, Sannetjie Lombard, Pia Pienaar, Gerda Myburgh, Henda van Eeden (afwesig)



laat verlang het na al die lekker huis partytjies elke naweek in Heilbron. Dit was 'n geleentheid van “onthou jy's” en herinnerings wat oor die jare heen deur die lewe toegeveer is. Ek haal aan wat Frik gesê het, Wysheid kom met die grysheid, maar soms kom die grysheid alleen. Wysheid maak ons meer bewus van die uniekheid van mense. Met wysheid hoef ons ook nie meer aan elke argument deel te hê nie. Omdat ons wysheid teen die tyd bekom het maak dit ons rustiger en tevrede. Aan elke klasmaat is 'n geleentheid gegee om hul ervarings van die lewe met mekaar te deel asook die lesse wat ons daar uit geleer het. 'n Heerlike en keurige maaltyd is

aan ons voorgesit, waarna ons tot laatnag of eder met eerlikheid tot in die vroeë oggend ure gekuier het. Aan alle lekker en goeie dinge kom daar 'n einde... En was dit Sondag na ontbyt weer tyd om “Goodbye” te sê met baie kosbare “memories”, tot die volgende reünie wat ons Glo, Hoop en Vertrou die Vader ons nog weer so 'n kosbare geleentheid sal gun. Kortliks saamgestel deur Carin Roos.

Op die foto agter vlnr: Faan Potgieter, Frik Nolte, Magda Swart, Janet du Plessis, Nella Haefele, Pieter Piek, Carin Roos, Louis Myburgh, Hannelie du Plooy en Paul Cronjé. Voor vlnr: Esmarie Smit, Sanchen Roets, Annelie van Aardt, Renette Bekker, Dorathe Coetsee en Albertha Smit.

POSTNET HEILBRON

WE ALSO COLLECT AND DELIVER SHIPMENTS COUNTRYWIDE!

WE OFFER A RIGHT TO THEIR DOOR

WE LOOK FORWARD TO ASSISTING YOU WITH YOUR COURIER NEEDS. VISIT US TODAY!

BUSINESS HOURS: 08:00 - 16:30

Lucidus is 'n energie optimeringsmaatskappy wat bedryf word vanuit Heilbron. Die eienaar is Venter Malan. Om jou krag verbruik te verminder moet jy weet waar jy dit verbruik. Dit kan jy regkry deur observasie of meting. 'n Sekere deel van die rekening kan jy deur gedrag verminder en dan kan jy verder gaan en operasioneel en met nuwe toerusting krag bespaar. Lucidus kan jou help om die plan saam te stel wat jou op 'n “continuous improvement” pad vat. Ons kan krag meet en kan met baie ervaring sekere aannames maak om die plan op te stel. Ons verkoop sekere toerusting soos LED's, son-geysers en pompe, asook krag stelsels (PV). Die konsultasie is gratis. Ons werk saam met huiseienaars, besighede, boerderye en industrieële kliënte. As jy 'n kragrekening het, praat met ons.

Kragrekening kopsere?

Lucidus, nou in Heilbron

Ons kan jou help om elektries effektief en selfs onafhanklik te word!

Lucidus

Venter Malan 082 909 6999
venter.malan@tiscali.co.za

www.lucidus.co.za

Herald BLACK FRIDAY Specials

Business Cards
R400 Single Sided
R470 Double Sided
incl VAT

Backpack
Buy the Official Heilbron High backpack
NOW ONLY R220
and receive a free stationery pack
TOTAL WORTH R300

Order any Amrod or Altitude clothing and promotional products between these selected dates and receive 7.5% discount on the order. T's & C's apply

Offers valid only for orders placed 25-27 November 2020
Contact us by: 058 852 3033 | marketing@heilbron.co.za

ELKE KIND VERDIEN MOS DAAI NUWE-SKOEN GEVOEL!

R40

SPAR

SPAR

23⁹⁹ elk.

R42⁹⁹

R3^{af}

R39⁹⁹

R26⁹⁹ per sok

R3^{af}

R23⁹⁹ per pak

R74⁹⁹

R5^{af}

R69⁹⁹

38⁹⁹ elk.

Rewards

Bata-promosie eksklusief vir SPAR Rewards-klante

Elke vinding bring saam 'n gratis en dadelik geldig.

Beëindig op: 11 Desember 2020. Slegs vir SPAR Rewards-klante. Slegs vir SPAR Rewards-klante. Slegs vir SPAR Rewards-klante.

Beëindig op: 11 Desember 2020. Slegs vir SPAR Rewards-klante. Slegs vir SPAR Rewards-klante. Slegs vir SPAR Rewards-klante.



UIT DIE PEN

Nog steeds op vlak 1. Dit klink vir my of die politici iewers na 'n hoër vlak wil beweeg, maar wanneer hulle al die voor- en nadele opweeg, weet hulle ook nie eers meer of dit die moeite werd is nie. Europa sidder onder die infeksies, Engeland is weer toegesluit en daar mag nie meer vir kwaadgeld rondgesit word nie. Daar is goeie nuus oor Pfizer, Johnson & Johnson en andere wat besig is met proewe vir 'n entstof. Wat vir my interessant is, is hoedat die meeste eerstewêreldlande hulle by die regulasies ten opsigte van COVID-19 nie. Ons hoor hoe betoog die Franse daaroor, en sien af en toe dat die Suid-Amerikaners nie baie opgewonde is oor hulle lande se regulasies nie. Maar het jy al gehoor van inperkings dieper in Afrika? Mense in die DRK wat nie mag partytjie hou nie? Of Rwandese wat nie meer as 50 mense by 'n begrafnis mag wees nie? Wat dink

die inwoners van Chad van maskers dra? Is daar genoeg mediese dienste in Sierra Leone? G'n niks nêrens nie. Daar is 'n rede hoekom ek spesifiek na die mediese dienste in Sierra Leone verwys: 'n nabye familielid en sy vrou het vir amper drie jaar daar gebly en gewerk. Synde sy vrou 'n mediese kwalifikasie gehad het, het sy haar dienste by die plaaslike kliniek aangebied. Die bestuurder van die kliniek het ewe trots gewys hoe hulle babas immuniseer. Bewonderingswaardig. Die strengste protokolle word gevolg: die baba se armpie word eers ontsmet, splinternuwe naalde en inspuitings word uit die verpakking gehaal. Die spuitstof word uit die yskas gehaal, want die koue ketting moet behoue bly. Baba word ingespuut en dit word op sy of haar kliniekaart aangetoon. 'n Baie tevrede mamma stap uit die kliniek met haar baba wat nou teen TB of polio geïmmuniseer is of dalk die MMR inspuiting gekry het. Alles was goed en wel, totdat my familielid agtergekom het dat die yskas nie aan enige kragpunt gekoppel is nie, en dus word die koue ketting nie eers naastenby behou nie. Die babas se immunisasies beteken dus net mooi niks nie. Iedereval, terug by die inwoners se reaksie op die inperking, spesifiek met verwysing na die Suid-Afrikaners. Ek wil my verstout om te sê dat ten minste 75% van alle Suid-Afrikaners een of ander verlies gely het gedurende die inperking, vanaf vlak 5 tot nou, vlak 1. En toe kondig die regering die TERS aan (Temporary Employer-Employee Relief Fund), wat tans op R 51 miljard staan. Ten spyte hiervan het Fikile Mbalula ook sommer R 1 miljard aan die taxi-industrie beloof. Met die klem op "beloof", want hulle het dit nog nie ontvang nie. Vir wie gaan dit in elk geval gegee word? Aan die eienaars

WEEK VIER-EN DERTIG

van die taxi of aan die bestuurders? Want as dit aan die eienaars gegee word, kom daar (soos wat dit in die geskiedenis van die afloep 26 jaar duidelik geword het) niks daarvan by die bestuurders uit nie. Word die geld aan die bestuurders gegee, gaan die eienaars weer "optropolos" raak. Verder is die SASSA uitbetalings tussen R350 en R440 per maand verhoog, vanaf Junie tot Oktober 2020. My eerste reaksie was dat hierdie glad nie sin maak nie, want hoe maak jy mense daaraan gewoond om meer geld te ontvang, en dan stop jy dit na 5 maande? Dis amper soos om elke dag vir jou kinders 'n blikkie kondensmelk vir brêkvis te gee, en dan oor twee weke aan te kondig dat hulle van nou af blomkool vir brêkvis moet kry. Amper dieselfde. En die regering dink sy mense gaan dit verstaan. Dalk sou hulle verstaan, as daar nie om elke hoek en draai iemand van die COVID-19 fondse gesteel het nie. Volgende word daar kommissies van ondersoek aangestel om uit te vind wie almal voordeel hieruit getrek. Ek wonder: wie befonds hierdie kommissies? Eergister luister ek na 'n radioprogram waar daar aan een van die ekonome, wat die huidige regering voluit steun, gevra word wie betaal vir die SAL se reddingsboei en al die ander geldelike hulp? Dink ESKOM, SAUK, SASSA, TERS. Nee, sê die ekonoom, dit kom glad nie uit die belastingbetaler se sak nie. Dit kom vanaf ander fondse. Goed, dink ek by myself: waar sal die geld vanaf die "ander fondse" vandaankom? Seer sekerlik nie uit die hemel geval nie. Die enigste manier hoedat hierdie fondse gegeneer kon wees, sou deur middel

van inkomstebelasting wees, en in 'n mindere mate deur die betaling van BTW. Persoonlike inkomstebelasting maak 38,3% van die belasting uit en die betaling van BTW is 25,2%. Het jy geweet dat net minder as 3 miljoen Suid-Afrikaners verantwoordelik is vir 97% van ons inkomstebelasting? Net so skokkend was die volgende stukkie statistiek: net 24% van alle maatskappye wat hulle belasting in 2019 verklaar het, het 'n wins getoon. Dus: my inkomstebelastinggeld word direk geskenk aan ander wat dit wil steel. Dis dit. Bottom line. Ek betaal sodat die staat dit kan aanwend vir hoe hulle ook al daarvoor begroot het. Maar iemand laer af in die voedselketting, het reeds 'n plan om my geld te steel. Onthou dat niemand skuldig is totdat 'n hof hulle skuldig bevind het nie. Dus neem dit jare, indien ooit, om 'n kommissie se verslag te kry sodat vervolging kan begin. En dan is die moontlikheid groot dat die saak uitgegooi kan word as gevolg van 'n verskeidenheid redes: gebrek aan bewyse, die kommissie het nie aan al die voorskrifte voldoen nie, die aangeklaagde speel die geelkaart of die rooikaart of die raskaart en so gaan ons aan. Wanneer gaan iemand uit rat uit vlie en die regering vertel dat SARS nie meer ons geld kan vat en dit in 'n diep, donker put laat verdwyn nie? Ek kan nie sien hoe die bietjie wat oorby, nadat elke korrupte skepsel iets gesteel het, enigins 'n verskil in menselewens kan maak nie. En ingeval jy nog vir SARS ietsie wou betaal, die sluitingsdatum was Maandagaand, 16 November.

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur. Baie dankie weereens vir al die flukse en vrywillige helpers die 31ste Oktober. Soos gewoonlik was alles weer van goeie gehalte en puik. Ai, baie dankie vir al die lekker eetgoed. Ek wil so vër gaan om te sê, dis net al die staatsmakers by elke basaar wat dit só goed kan doen! Dankie vir almal wat bygedra het om dit so 'n sukses daarvan te maak. Sonder julle almal kan dit net nie 'n sukses wees nie. Dankie vir al die kere, in die byna einde van die jaar vir hulp en vriendelikheid. Daar was altyd oop harte en hande in 2020. Geseënde Christussees vir julle almal. By hierdie geleentheid wil ek ook baie dankie sê aan al die personeel van die Heilbron Herald vir al julle bydraes om van ons koerantjie so 'n sukses te maak. Ons kan regtig

trots wees op ons eie-eie koerantjie. Dankie vir al die nuus wat so getrou aan ons oorgedra word, ook vir al julle vriendelikheid, ook vir julle in die werkswinkel. Thea bly maar 'n ou staatsmaker met 'n oop hart en hand vir almal. Geseënde Kersgety aan julle almal. Mag dit 'n ware Christusfees wees, vir almal.

Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer gerig aan die redakteur. Baie mense ken die uitdrukking "slaan my met 'n veertjie onderstebo" wat mense gebruik as hulle verras of verbaas is deur iets of iemand. Nou ja, ek gebruik hierdie uitdrukking omdat ek so verbaas was toe ek die eerste advertensie sien wat Ngwathe in die Heilbron Herald plaas. Betaal jou dienstegeld!!!! Is dit

arrogansie of bloot vermetelheid deur 'n instansie wat dienstegeld verwag vir dienste wat nie gelewer word nie, beweeg hierdie mense met oogklappe deur die dorpe waar hulle veronderstel is om dienste te lewer of is hulle voertuie se vensters met opset so verdonker sodat hulle nie kan sien wat buite aangaan nie. Dalk verstaan ek die stelsel verkeerd. Ons as inwoners betaal vir ons munisipale dienste, en wat doen Ngwathe? Hulle spaar van die geld, deur slegs 'n klein gedeelte van die geld aan Eskom en Randwater te betaal vir hul dienste gelewer, die res van die dienstegeld word êrens in 'n bankrekening "gebêre". Verdere besparings word ook verkry deur nie die stortingsterrein te rehabiliteer nie, slaggate word nie herstel nie, instandhouding van werksvoertuie word ook agterweë gelaat terwyl rou riool direk na Koppiesdam herlei word. Nóg besparings! Dan my teorie... Na 'n tyd, as daar dalk nog geld in daardie bankrekening beskikbaar is, word

nog mense aangestel om êrens te sit sonder om enige werk te doen, terwyl lekker stewige bonusse aan die senior bestuurders betaal word vir uitstaande werk gelewer gedurende die jaar. "Together we move South Africa forward" Waarheen? Afgrond toe? 'n Ope vraag. Laat ek positief wees en hoop dat die "Awareness Campaign, Theft of Electricity" wel ernstig aangespreek sal word. Ek kan 'n huis gaan uitwys wat reeds vir die afgelope 5 jaar elektrisiteit gebruik sonder enige meter, en dit is een van vele onwettige aansluitings. Dankie aan RdL van der Merwe, VF+, wat gereeld terugvoer gee ten opsigte van raadsvergaderings en besluite. Hopelik sal ons positiewe terugvoer kry in verband met hierdie onwettige elektriese aansluitings asook die aksies wat geneem word. Heelwaarskynlik geld die 80/20 beginsel in ons munisipale gebied, 20% van die inwoners betaal vir dienste sodat 80% van die inwoners dit verniet kan kry.

KENNISGEWINGS

NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the insolvent estate of the LATE ALETTA LOUISA SCHEEPERS, Identity Number: 351113 0037 081, in life unmarried, living at Huis Bron-van-Heil, district Heilbron, 9650, Province Free State, Estate Number: 5105/2020. Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court. If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account. (GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET P.O. BOX 205 HEILBRON, 9650 TEL: 058 852 2035

KATJIES SOEK GOEIE HUIS

5 Klein katjies op soek na 'n goeie huis Reg om in te trek middel Desember. Kontak Celéste 082 551 1266

POSTNET HEILBRON

Maandae - Vrydae:

08:00 - 16:30

Elsstraat 42 HEILBRON
Tel: 058 853 0006

SKENK BLOED IN HEILBRON



Bloedskenk in Heilbron SANBS nooi solank die gemeenskap van Heilbron uit om bloed te skenk op Dinsdag 24 November 2020 by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00. SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker.

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 13:00 (Volwassenes)
14:00 - 17:00 (Kinders)

Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

Neem asseblief kennis dat die **HEILBRON HERALD** se winkel & fabriek sluit vanaf **18 Desember 2020 en heropen DV 6 Januarie 2021.** Plaas asb. u bestellings vroegetydig om teleurstelling te voorkom. Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033

WINKELURE:

Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00



Vrydae:
07:30 tot 16:30

Saterdag:
09:00 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Verskeidenheid dagboeke vir 2021

nou beskikbaar by Herald Office National

Elsstr 44 • Heilbron Tel: 058 852 3033



DIENSTE SMALLS

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron

TE KOOP

WINSKOOP!

1.8 hektaar plot met 6-slaapkamer huis, 3 badkamers, groot oopplan leefarea met binne braai-area. Swembad met aparte buite braai-area. Ruim 2 slaapkamer woonstel. Skakel 082 560 5935 vir meer inligting.



OULANDS-GRASBALE

Swaar bemesde ouldsgrasbale te koop. Skakel Hennie Naudé 083 269 9293

CrystalClear Optometrist

Kathleen Kruger
73 Rossini Blvd
Vanderbijlpark
Tel: 016 931 1040
E-Pos: crystalvision2016@gmail.com

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Gesik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar. Hannalie Claassen 079 040 0531

VERWYDERING VAN BYE

Sukkel jy met bye wat pla? Skakel my en ek verwyder dit vir jou kosteloos. Skakel Jarryd 083 488 1640



Kerskoerant 18 Desember 2020

Indien u in ons **KERSUITGAWE** wil adverteer kontak Silma Petzer by 058 852 3033 of 083 363 6553.

Ons eerste uitgawe vir 2021 is DV 8 Januarie 2021.



Brenland Swemklub Dransie
Alle swembad materiaalwerk
in en om Heilbron
Maxelgas, pumpe, motors,
lêers, solêr stelsels,
rydbakke, en
samborings.
Telle: 0814559829

YOUTH NETBALL LEAGUE

The Managers of the Eagles Netball team from Petrus Steyn in Mamafubedu like to develop the youth in the community every time. Their mission and vision are to see the youth be exposed to high levels in netball to keep them motivated and busy, to see the youth out of teenage pregnancy and alcohol and drug abuse around our

community. On 14 November they had a practice game with the under 13's, 15's and 17's to keep them fit for the Thabo Mofutsanyana district Netball League, playing against Mamafubedu Warriors Netball Club. Together they form mixed teams with children from around the location.



As gevolg van protokol was ons genoodsaak om vanjaar se Bokkesport oor twee dae aan te bied. Selfs kon toeskouers nie toegelaat word nie. Om dit reg te kry moes die personeel as beamptes optree.

Donderdag het die Sekondêre afdeling plaasgevind. Dit was vreemd om nie 'n optog te hê nie, maar die geesdrif en oorspronklikheid was glad nie deur "Covid" gedemp nie. Die weer het saamgespeel en die kompetisie tussen die deelnemers was taai. In sommige gevalle (veral die middelfafstande) het kamerade mekaar erg ondersteun. Aan die einde van die byeenkoms was die Springbokke so 'n kortkop voor met die punte.

Vrydagoggend het ons gesien dat die dag lekker warm gaan word. Die Primêre afdeling het letterlik soos 'n miernes gelyk. Oral was dit doenig en elkeen wou sy beste gee. Die personeel het ook nie op hulle laat wag nie en soos wafferse ouers ondersteun deur stemme dik te maak en aan te moedig.

En wie was toe die winners?

Wie was die veelsydigste atlete? Taai was dit gewis en baie gelykop. Tog kan ons verklar dat die Springbokke weer geseëvier het. Baie geluk! Die veelsydigste uitslae sal maar moet wag tot Prysuitdeling 2021.



BOKKESPORT



Foto erkenning: André Pretorius Fotografie

HOOGTE WORD GETEISTER DEUR SKELMS

Drie voertuie is binne 'n week in die Hoogte-omgewing tussen Heilbron en Petrus Steyn gesteel. 'n Trok vol kunsmis is Woensdagoggend omstreeks 01:15 uit die stoor van Rikus van Rooyen op die plaas Blyvooruitsig gesteel. Daar was 'n oproep vanaf die nasporingsmaatskappy nadat die trok se battery ontkoppel is. Die ligging van die trok op daardie stadium, omstreeks half vier die

oggend, was in Thokoza. Die sekuriteitsmaatskappy kon egter nie die trok opspoor nie en is dit steeds weg, vag en al.

Daar was ook 'n huisbraak en diefstal op 17 November op 'n plaas waar 'n Toyota Land Cruiser uit die stoor gesteel is, maar later nie ver van die plaas af nie teruggevind is waar dit gaan staan het. Heritage Protection Group, Bassopa Security & Tracking en SAPD Heilbron is sterk op die spoor van die dieewe.

Ander voorvalle het ook plaasgevind, onderskeidelik die 10de waar 'n bakkie en werks-gereedskap gesteel is en nog 'n huisbraak op die 12de November. Ons doen 'n beroep op mense om hul voertuie te beveilig, veral tussen Heilbron en Petrus Steyn wat tans as 'n rooi gebied geklassifiseer word. Wees waaksaam, hoewel veediefstal tans stil is in die Heilbron omgewing, sal dit na verwagting gedurende die Feesseisoen toeneem.

SKENK BLOED DIÉ FEESSSEISOEN

SANBS doen 'n beroep op bloedskenkers hierdie Feesseisoen – skenk bloed in Heilbron

Tradisioneel is Desember 'n moeilike tyd vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) omdat ons nie die 3000 eenhede bloed daaglik kan insamel nie. Die behoefte aan bloed raak ons elkeen. Agt uit tien mense sal bloed of bloedprodukte op 'n stadium in hul lewe benodig. Met een bloedskenking kan jy soveel as drie lewens red.


'n Eenheid bloed word in 3 komponente geskei: rooibloedselle (om die bloedvolume te vervang van 'n persoon wat baie bloed verloor het, bv. tydens 'n motorongeluk of kindergeboorte), plasma (vir mense wat aan 'n bloedsiekte, bv. hemofilie ly of wat ernstige brandwonde opgedoen het) en plaatjies word gegee aan kanker pasiënte, wie se plaatjies deur chemoterapie vernietig is.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk op Dinsdag 24 November 2020 by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00.

Die doelwit vir die dag is om 80 eenhede bloed in te samel. Elke bloed skenker sal 'n Feesseisoen verrassing ontvang.

Om 'n bloedskenker te word moet jy:

- Tussen die ouderdom van 16-75 wees, meer as 50kg weeg, iets voor jou skenking eet, 'n veilige seksuele leefstyl lei en gesond wees op die dag van skenking.
- SANBS moedig elke Suid-Afrikaner aan om by die gereelde groep bloedskenkers aan te sluit wat die lewens van hul medemense op hierdie manier red. Help ons asseblief om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun.



Skenk bloed. Jou bloed red lewens.

DIENSSENTRUMLEDE TOER SAAM DEUR NAMIBIË

Die Dienssentrumlede het Dinsdag saam met Rita Groenewald haar toer deur Namibië herleef. Rita het met behulp van foto's die toerbeure met die lede gedeel. Op die foto is Rita langs 'n foto wat sy geneem het van die kerk in Windhoek. Die komende week gesels die lede oor DNS wat ons erf.




I AM RESPONSIBLE...

I PAY FOR MY MUNICIPAL SERVICES

DO THE RIGHT THING – PAY YOUR MUNICIPAL SERVICES

YOUR MUNICIPALITY NEEDS YOUR SUPPORT AS A RESPONSIBLE CITIZEN TO IMPROVE SERVICE DELIVERY.

#PAYINGISCARING

STAY SAFE
PROTECT SOUTH AFRICA
TOGETHER WE CAN BEAT THE CORONAVIRUS

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NDP



DIE BESTE BOD
BESTUURDER

P.J. Müller
060 966 9340

AFSLAER

Ian Grobbelaar
060 965 6207

Frankfort/Roadside/Cornelia

Corjan de Jager
079 506 8777

Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside

Fanie vd Merwe
082 494 3127

Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort

David Gerber
082 489 7424

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Fanie vd Merwe (Junior)
061 180 6802

Villiers/Cornelia/Grootvlei

Pula Giliomee
082 788 5338

Heilbron/Edenville/Oranjeville

Hugo Groenewald
082 569 7205

JJ HADEBESTRAAT 97 FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)

HERALD



F.T.C.
FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS
Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES | **HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**

Willem : 072 647 1074 Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206 Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096 Email : ftcfrankfort@gmail.com

ROLBAL VOLSTOOM AAN DIE GANG

Met al die bedrywighede van die Besigheidsliga agter die rug was daar nie tyd vir ontspanning nie, die rolbalseisoen is aan die gang. Die afgelope naweek is NVS gemengde pare op Bethlehem gespeel en alhoewel Heilbron se spelers hul bes probeer het, moes hulle maar met die kous oor die kop huis toe kom.

Die dames- en manskompetisie vind op Saterdag 28 November plaas en Heilbron Rolbalklub is weereens goed verteenwoordig met 5 spanne wat ingeskryf het. Met Petrus Steyn Rolbalkklub wat nie meer bedryf word nie het Brandt Janse van Rensburg sy rolbal hier by Heilbron kom voortsit en is hy een van die manne wat aan die pare kompetisie gaan deel neem. Daardie Saterdag sal 'n hele uittoeg wees met Babs Knoesen, Suzie van der Westhuizen, Hannalie Claassen, Carina Kleynhans, Judith Joubert, Ronel du Plooy, Gerald Rademeyer, Brandt Janse van

Rensburg, Whity Joubert en Johan Greyling wat ingeskryf het vir die pare kompetisie.

Die pare kompetisie is dan ook die laaste amptelike kompetisie vir 2020.




skeerstoer
Kroeg

Ons is oop Ma-Don 15:00 - 21:00
Vry 15:00 - 02:00 & Sat 12:00 - 00:00
SAB - DETHON



BACK TO SCHOOL

2021 Catalogue & Orders
NOW available online
www.heraldofficenational.co.za

Late-Nite Video
Heilbron

Spend R100 in store
20-27 November 2020,
to be entered into the
LUCKY DRAW
Winner of the hamper,
announced on 28 November.
T's and C's apply.



Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

POSTNET
HEILBRON

Maandae -
Vrydae:
08:00 - 16:30
Elsstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006



PRESTIGE
HEILBRON PRESTIGE GOLFCLUB

21 NOVEMBER 2020
AFSLAAN 09:30 VIR 10:00

INSKRYWING: R300
(halfway & aandete ingesluit)

Opbrede deur
NELSONS

STEAK AANDETE R60 PER BORD
EKSTRA VIR NIE-SPELERS



Boerseep
100% natuurlik
& Amie Plaa
Verversorging

Geskenkpakkie
50g Tallow Balm of 50g After Shave Balm
130g Charcoal Sepie
10g Mint Lip Balm
R160
Kry dan 'n Boersepie GRATIS!



Koop 100g Tallow Balm of Aftershave Balm
Kry 'n Lipbalm GRATIS! **R120**

Heilbron, Reitz, Petrus Steyn
Delareyz Smit : 082 940 3183

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 23 NOVEMBER 2020

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 24 NOVEMBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

WOENSDAG - 25 NOVEMBER 2020

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

DonDERdag - 26 NOVEMBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VRyDag - 27 NOVEMBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za